

**3 DESEMBER 2017** *Advent 1*

**09:00 Kerssangdiens**

**Eric Scholtz**

**18:00 Aanddiens – Koinonia**

**Immanuel van Tonder**

*Roeping om te rus: 'n Vakansiegids.*

*Eks 18:5-24 & Mark 6:30-32*

**10 DESEMBER 2017** *Advent 2*

**09:00 Erediens**

**Immanuel van Tonder**

**Geen Aanddienste tydens die vakansie**

**17 DESEMBER 2017** *Advent 3*

**09:00 Erediens**

**Peet Crous**

**24 DESEMBER 2017** *Advent 4*

**09:00 Erediens**

**Peet Crous**

**25 DESEMBER 2017**

**09:00 Kersdiens**

**Peet Crous**

**31 DESEMBER 2017**

**09:00 Erediens**

**Fay van Eeden**

**18:00 Oujaarsdiens**

**Fay van Eeden**

**7 JANUARIE 2018**

**09:00 Erediens**

**Fay van Eeden**

**09:30 Lynnwood Oord-diens**

**Johan Jooste**

Baie welkom by die Kerssangdiens!



Gasvryheidbediening nooit almal hartlik uit na 'n Kerstee na die diens in Koinonia. Baie dankie aan al die dames wat eetgoed vir die tee voorsien het.

*Baie dankie!*

Baie dankie aan almal wat deel gehad of bygedra het tot die sukses van ons Weskoppies Kersliedere-uitreik en ook die Senior Lidmaatkuier. U meelewing word opreg waardeer.

*Voorbidding*

*Flip Smit en familie, Brummeria Renaissance 110, Piet Groblerlaan 44, Brummeria, 083 303 1733 – Annette oorlede. Begrafnis is Maandag om 15:00 in die kerk.*

*Ludwig en Cecilia Röder en Magda en Realdé Steenkamp en familie, Monicaweg 453b, Lynnwood, 083 507 7224 – Cecilia se ma oorlede.*

# Die week se kalenderaktiwiteite

**Woensdag: Skole sluit.**

## *Bewys van Lidmaatskap:*

Pierre en Richi van Rhyn, Menlo Living #5, The Villageweg 456, Menlopark, 082 453 7950.

Maria van Loggerenberg, Die Rand 316B, Menlopark, 082 324 3726.

## *Jakaranda Liggiesfees:*

Baie dankie aan almal vir die talle skenkings wat reeds ontvang is! Daar is nog 'n behoefte vir **cappuccino-pakkies gewoon/onversoet of Decaf, hot chocolate en langlewemelk**. Die houer sal weer vandag in die portaal beskikbaar wees vir skenkings of bring dit na die kerkkantoor gedurende die week. Nogmaals baie dankie vir die ondersteuning, julle meeewing is vir ons 'n inspirasie om vanjaar se liggiesfees baie spesiaal te maak. Kontak gerus vir Anneke Doms 082 376 2604.

## *Oop vir die Oomblik:*

'n Jaarkursus in 'n lewe van volbewuste teenwoordigheid, *aangebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit o.l.v. dr. Willem Nicol en ds. Immanuel van Tonder*. Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee. Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: 15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie. Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.

Inskrywings: stuur 'n e-pos aan [finansies@stellastraat.co.za](mailto:finansies@stellastraat.co.za) met jou naam en kontak besonderhede.

Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit. Bankbesonderhede: NG Ring, ABSA, 9328323743.

Verwysing: teenwoordigheid, van, noemnaam.

Finansiële ondersteuning beskikbaar.

Navrae: Immanuel van Tonder 083 540

6015, [immanuelvt@gmail.com](mailto:immanuelvt@gmail.com)

of Willem Nicol 083 966 7831, [wnicol@mweb.co.za](mailto:wnicol@mweb.co.za).

## *CMR Liggies:*

Die CMR loods ook 'n projek met die tema: Laat daar lig wees – 'n teken sinoniem met HOOP. Met Kersfees om die draai is die CMR-span ook besig om Kerswense te laat word – raak asseblief hierby betrokke en bring so saam met hulle HOOP en LIG. Belangstellendes kan gerus vir Anja le Cornu

012 460 9272 (x2) skakel. **Kyk gerus na hulle mooi banier en liggies by die Sussexlaan ingang.**

## *Dankoffers:*

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of *Snap Scan*).



Snap here to pay

 SnapScan

# Kontak van die week: Rus as 'n roeping

Die skeppingsverhaal maak 'n baie interessante opmerking, dat God na ses dae se skeppingswerk op die sewende dag gerus het! Is dit nie vreemd om te dink dat God kies om te rus nie? Selfs Jesus maak gereeld tyd vir rus en stilte. Hy stap deur die koringlande, vang vis saam met sy vriende, eet gesellig saam, rus by die see van Galilea, sien die mooi blomme en voëls en gaan vier selfs 'n bruilof!

Die mens word na die beeld van God geskep met die roeping om te werk en te rus. Die sabbatsgebod bevestig hierdie roeping om te werk, maar om ook om op te hou werk en te rus. Dit lyk vir my dat baie mense die roeping tot werk erken, maar nie die roeping tot rus kan aanvaar nie. Hulle voel selfs skuldig as hulle rus.

Ons gebruik die woord "ontspanning" om te verwys na 'n wye verskeidenheid aktiwiteite wat mense in hulle vrye tyd doen. Die gedagte dat jy van jou spanning ontslae kan raak, is met die twee dele van die woord uitgedruk. In die Engelse woord "re-creation" kom daar weer 'n ander betekenis na vore, naamlik 'n proses van vernuwning en herskepping.

Baie mense sien die waarde van rus en ontspanning net daarin dat jy weer krag kan kry om te werk. Min erken die waarde van die rus en ontspanning self. Natuurlik kan ontspanning jou batterye herlaai vir die werk wat voorlê maar dit gaan oor veel meer! Rus en werk is albei baie belangrik.

Rustyd bied ook 'n geleentheid vir kreatiewe persoonlike ontwikkeling en groei. Die rustiger lewenshouding maak jou oop vir verwondering en skoonheid. Aan die einde van die jaar kan jy ook gerus oor jou lewe en die afgelope jaar reflekteer. Geen wonder dat baie mense in hierdie tyd baie dankbaarheid beleef nie. Dis 'n tyd om die lewe en gawes van God te vier. Tydens die vakansie is daar is ook tyd om dieper verbintenisse met jouself, ander en God te smee.

Dis net jammer dat baie mense se vakansies en rustye verbygaan sonder dat hulle die potensiaal daarvan ontsluit. In Desember lê daar 'n oorvloed kosbare gawes wat net wag om ontdek en ontgin te word. Dit vra egter dat ons oop sal wees om die kosbare juwele van God te ontvang.

As 'n mens die rustyd se gawes jou eie maak, word dit deel van jou lewe, selfs al begin jy weer werk na die vakansie. Rustyd is eintlik 'n tyd om te fokus op "wees"(being) en nie net "doen"(doing) nie. Die kanale na jou diepste Bronne van lewe gaan oop sodat jy daaruit kan leef. Die nuwe verbintenisse met jouself, ander en God wat in rustyd gesmee is, dra vrug as jy weer begin werk.

Ons word genooi om nie maar net die rustyd oor ons te laat spoel nie, maar intensioneel die potensiaal daarvan te ontsluit. Wees waar jy is. Ontvang wat aan jou gegee word. Verwonder jou oor die onuitspreeklike skoonheid om jou. Verdiep jou in die diepste Waarhede. Vier die lewe!

Leonard Doohan se boek oor Leisure noem 9 uitnodigings vir ons tye van ontspanning: *rest, read, relax, re-create, re-think, rejoice, re-focus en renewal.*

'n Laaste uitnodiging: Doen alles net bietjie stadiger en maak tyd vir stilte. Voor jy die foto neem, stop net eers en neem alles in. Span jou sintuie in om teenwoordig te wees. As jy die eerste happie van jou kos in jou mond het, wag net eers voor jy dit vinnig afsluk. Wanneer iemand met jou praat, wag net eers voor jy praat. Leef met pauses.

Mag jy met jou hele wese antwoord op rus as 'n roeping.

Groete

Immanuel van Tonder  
(Namens die predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Naam \_\_\_\_\_

Selfoonnommer \_\_\_\_\_ Landlyn nommer \_\_\_\_\_

E-posadres \_\_\_\_\_

Kort beskrywing van Gawe  
\_\_\_\_\_

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)  
\_\_\_\_\_

Handtekening \_\_\_\_\_

Datum \_\_\_\_\_

\*\*\* Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

\*\*\* Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan [helplift@nglynwood.co.za](mailto:helplift@nglynwood.co.za)

## Gemeenskap



**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

**Byderhand:** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of

SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos [customercarep@tshwane.gov.za](mailto:customercarep@tshwane.gov.za).

Slaggate en/of robotte uit: e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).



Kontak gerus die volgende predikante indien u besoek verlang of bewus is van iemand wat 'n besoek nodig gedurende die Desember vakansie:

\* Peet Crous, 012 348 4004 / 079 893 5572 (tot 26 Desember).

\* Fay van Eeden, 083 478 0854 (vanaf 27 Desember).



*Aan almal wat met vakansie weggaan – geniet die rus en reis veilig.  
Die kerkkantoor sluit op 15 Desember 2017 en open weer DV op  
3 Januarie 2018.*

*Die predikante en personeel wens almal 'n Geseënde Kersfees en  
'n voorspoedige 2018 toe.*